**Voortrekkerpark**
**Huiseienaarsvereniging | Home Owners Association**
**HOFMEYER ST, STRAND, 7140**
**Tel: 021 823 5696 | E-pos:vphv123@gmail.com|www.vphomeowners.com**

NUUSBRIEF 1\2025
Februarie 2025

Beste Huiseienaars en Huurders

Die jaar 2025 het met 'n vinnige pas begin en ons is alreeds 'n ent weg in die jaar. Aan elkeen wat met vakansie was, welkom terug en aan die wat tuis gebly het, hoop ons dat julle ook die **vakansie gevoel** in die kompleks gekry het. Baie welkom aan al die nuwe intrekkers.

**NUWE BESTUUR 2025**
**Die Uitvoerende Komitee asook hulle portefeuljes vir 2025 is soos volg:**

Leon Mostert - Lid Voorsitter (**Finansies)**
Frans Nel - Lid Onder-Voorsitter **(Fisiese veiligheid, Tegnies en Estetiese)**
Alun Palm - Lid **(Fisiese veiligheid, Tegnies en Estetiese)**
Shirley Boom - Lid **(Koop, verkoop, verhurings van huise)**
Helene le Roux- Lid **(Algemene dissipline in die kompleks, Saal\Funksies)**
Andie Olivier -Gekoőpteerde Lid **(Algemene dissipline in die kompleks, Saal\Funksies)**
Jannie Loubser- Gekoőpteerde Lid **(Fisiese veiligheid, Tegnies en Estetiese, Dissipline)**
Natasha van Schoor Sekretaresse (**Gekoöpteerde lid sonder stemreg**)

Die Uitvoerende Komitee (UK) is uitgebrei om voorsiening te maak vir nuwe talent/idees. Lida Vermeulen het kort na haar aanstelling ongelukkig bedank nadat sy goeie werk gedurende Desember gelewer het en Helene le Roux is in haar plek verkies.

Nog 'n suksesvolle Algemene Jaarvergadering (AJV) is gedurende Desembermaand afgehandel, maar dit blyk nog steeds asof daar 'n wegbly aksie geloods was, wat veroorsaak het dat die nodige kworum nie verkry was nie. Kom, huiseienaars, dit reflekteer swak op ons kompleks en by CSOS (Community Schemes Ombud Services). Dit is tot die nadeel van alle huiseienaars en inwoners. Neem asb kennis ons Gedragsreëls is vir die tweede jaar deur alle lede teenwoordig goedgekeur en is op ons webblad beskikbaar.

**Alle klagtes moet PER SKRYWE aan die UK deurgegee word, waarop u weer terugvoering sal kry so spoedig moontlik, maar nie later as die eerste daaropvolgende maandvergadering nie. WatsApp boodskappe en oproepe sal nie aanvaar word nie, aangesien daar geen geskrewe rekord van is nie.**
**RESPEKTEER ASB DIE PRIVAATHEID VAN DIE UTVOERENDE KOMITEELEDE en moenie hulle aan huis besoek met die kompleks se probleme nie. Ons versoek asb u samewerking in dié verband. Alle korrespondersie gaan asb deur ons "portaal" nl vphv123@gmail.com of deur ons sekretaresse, Natasha van Schoor (eenheid 80).**

**HERSONERING**
Ons het weer aan die begin van Februarie 2025, navraag gedoen ivm die vordering van die proses van hersonering en ons wag op die antwoord van Stad Kaapstad. Sover dit ons betref, is al die nodige opmetings gedoen en moet daar nou begin word met die opstel van die Ontwikkelingsplan vir goedkeuring deur Stad Kaapstad. Ons hou u op hoogte in die verband.

**FINANSIES**
Baie dankie aan die ongeveer 40 huiseienaars wat die volle jaar se heffings vooruit betaal het en wat dus ook die 10% korting gekry het, indien hulle rekeninge einde September 2024, 'n nul saldo getoon het. Ons wil ook dankie sê aan die eienaars wat getrou maandeliks hul R160.00 heffings betaal.

Daar is egter eienaars wat dit agterweë laat om maandeliks hul heffings te betaal, is ook boetes opgelê, daarom was ons genoodsaak om van die eienaars te oorhandig aan ons prokureur.
Dit bring egter onnodige onkoste vir die VPHEV en die huiseienaars teweeg, maar ons kan nie ons verpligting nakom, indien u nie betaal nie. Daar is ook eienaars wat die skrywes van die VPHEV se UK ivm heffings en boetes ignoreer en sodoende nie reëlings tref met die UK of betalings doen nie.
Ons maak staat op u samewerking in dié verband.
Indien u enige navrae ivm u maandelikse rekening het, skakel asb. direk met Hein Loots, ons boekhouer, en nie met enige komiteelid nie. Sy kontakbesonderhede is **021-8243873 \ 0766004484, epos hein@actacc.co.za**

Meld asseblief altyd u **huisnommer\stoornommer** aan, indien u betalings doen:
**VPHEV**
ABSA BANK
Rekeningnommer: 4084890621
Takkode 632005

**VEILIGHEID, TEGNIES EN ESTETIES**
Addisionele **kameras** is by die stoptekens by eenhede 71 en 52 aangebring om die verkeer te monitor. Die stopteken by eenheid 80 word tans bespreek vir die aanbring van ŉ kamera. Slegs drie lede van die UK het tans toegang tot die kamera beeldmateriaal. Dit is skrikwekkend hoe hierdie stoptekens geïgnoreer word. Kinders wat speel, fietse en voetgangers is in gevaar.

Die toets en sertifisering van ons **brandbestryding** toerusting, gaan weer binnekort geskied. Hierdie gaan ook dien as opleiding en demonstrasie geleentheid vir alle inwoners, sowel as die reaksiespan. U sal ingelig word sodra ŉ datum vasgestel is.
Onthou ook dat u brandblusser jaarliks gesertifiseer moet word. Hierdie is baie belangrik aangesien u versekering kan weier om ŉ eis te erken in geval van ŉ brand of brandskade.

**Huis inspeksies** word op ŉ maandelikse basis gedoen. Die inspeksiespan is baie geduldig in hierdie verband, maar op die 4de aanmaning, sal u kennis kry dat ŉ boete uitgereik gaan word. Onkruid, bossies, blare, asook rommel, moet dadelk aandag kry asb.

Die UK gaan voortaan meer **kommunikeer** op die **Inligtings WatsApp Groep**, so indien u nog nie daarop is nie, kontak asb vir Natasha om u selnommer op te sit asb. Op dié manier kan die nodige inligting baie vinniger by inwoners uitkom.

**Wheelie bins** het vir ons ŉ probleem begin word, aangesien die Parkbestuurder gewaarsku het dat inwoners nie hou by die neergelegde reëls nie. Daar is al verskeie kere op die inligtingsgroep hieroor gekommunikeer. Maak asb seker dat u die reëls ken en daarby hou.

Ons kompleks, sowel as die opgewing, se **Infrastruktuur** is verouderd en daar is dikwels water en krag onderbrekings. Hou asb ons Inligting kanaal (groep) dop, waar ons probeer om die gepaste inligting deur te gee.

Indien u belangstel om by ons **Herwinnings WatsApp Groep** aan te sluit, kontak asb vir Natasha om u selnommer op die groep te plaas. Die deursigtige herwinnings plastieksakke kan by Natasha of Frans Nel (69) verkry word.

**KOOP, VERKOOP EN VERHURING VAN EIENDOMME**
Eenhede wat te verkoop aangebied word, moet "compliant" wees. Dit beteken dat die Eenheid soos op die goedgekeurde bouplanne moet lyk. Net Stad Kaapstad kan bouplanne goedkeur. Geen mondelikse ooreenkoms nie. Die UK kan ook nie enige bouplanne of veranderinge goedkeur nie.

Daar is vele eenhede wat verkoop is wat "non-compliant" is. Sommige wat deur spesiale toestemming deur Stad Kaapstad oorgeplaas is na die nuwe eienaar.
Hierdie eenhede moet nog steeds nuwe bouplanne laat optrek sodat dit goedgekeur kan word voordat hul weer verkoop kan word.

Op die stadium, soos u weet, is daar n moratorium op enige eksterne aanbouings en om hierdie rede, kan geen planne goedgekeur word nie. Die moratorium is as gevolg van die verkeerde sonering van ons kompleks.
Na n vergadering gehou deur Stad Kaapstad, het hulle besluit dat die nuwe opgetrekte bouplanne nou aan een van die volgende adresse gestuur kan word vir **heroorweging**:
Helderberg.hub@capetown.gov.za
Estelle.Goosen@capetown.gov.za
Daan.Visser@capetown.gov.za
Daan Visser kan ook gekontak word by 021-444-4618 of Estelle Goosen (sekretaresse) by 021 400 2440.

Daar is ook tans "non-compliant" eenhede wat nog nie oorgeplaas is nie. Die huidige eienaars moet asseblief die proses bo volg voordat die eenheid na die nuwe eienaars oorgedra kan word.

Indien die eenheid vir een of ander rede nie na die nuwe eienaar oorgeplaas kan word nie, bly die nuwe eienaar ŉ "okkupasie huurder" en moet daar ŉ huurkontrak met die huidige eienaar aangegaan word.

**ALGEMENE DISSIPLINE**
Hier is nog steeds werkers in ons kompleks sonder **werkerskaarte.** Daar is kaarte vir "gereëlde werkers", sowel as "dag kontrakwerkers". Gereëlde werkerskaarte is beskikbaar teen R20 elk en dag-kontrakwerkers kaarte is gratis. Indien u ŉ nuwe werker aanstel, moet daar ŉ nuwe kaart gemaak word. 'n Werker mag nie met een woning se kaart by ŉ ander woning werk nie.

Sommige **kinders** word nog steeds gesien speel in ander inwoners se erwe waar oa plante beskadig word. Sê asb vir u kind om uit ander inwoners se erwe uit te bly! Party kinders ry nog steeds saans na donker met fietse rond. Dit is uiters gevaarlik. Daar word ook teen die rigtingspyle gery. Boetes sal aan kinders wat in die verband oortree, se ouers uitgereik word. Motors verwag nie fietse teen die verkeer nie!

Stop asb by die **ingangshek** wanneer u inkom of uitgaan om te keer dat ongewenste persone of motors die kompleks betree. Die spoedgrens in die kompleks is 10 KMU en dit word telkens deur inwoners geïgnoreer. Die UK beplan om nog spoedhobbels te installeer.

Hang u **wasgoed** asb agter of langs u huis, waar dit nie opsigtelik is nie. Onder geen omstandigheid op die stoep of voor u huis nie! Daar is ook gemeenskaplike wasgoedlyne beskikbaar vir hierdie doel.

Moet asseblief nie op enige erf of eiendom **parkeer** sonder die nodige toestemming van die eienaar nie. Maak ook seker dat u so parkeer dat dit nie ŉ obstruksie vir ander voertuie veroorsaak nie.

Indien u met **raserige masjienerie** werk, is die ure soos volg:
Maandag tot Vrydag 8 vm tot 6 nm. Saterdag 8 vm tot 4 nm. Sondag, geen werk met raserige masjienerie asb. Neem ook asb kennis dat vanaf 10NM tot 8 VM, geen musiek, gesing, instrumente of algemene stoornis nie asb.

Sterkte vir die res van die jaar en mag ons in liefde en harmonie saamleef in ons Voortrekkerpark kompleks.

**UITVOERENDE KOMITEE**
**VOORTREKKERPARK HUISEIENAARSVERENIGING**